# DIE 1976 DE WETTER

VERVUL JOU ROEPING

## OPGAWE


WOORD VAN PRIMARIUS ...... BL 2.
BOODSKAP VAN PROF. TIENIE ...... BL 3.
INTERESSANTE PERSOONLIKHEDE ...... BL 4.
SPORTVERSLAG ...... BL 5.
HUISFOTO ...... BL 6/7.
TELEVISIE REVOLUSIE ...... BL 8.
TRAPKAR ' 76 ...... BL 9.
AKADEMIESE VERSLAG ...... BL 9.
DE WET MAAK SELF KAMERS SKOON ...... BL 10.
THAT BLOODY CHICKEN ...... BL 11.
PERSPEKTIEF ...... BL 12.


Die Redaksie bied sy opregte apologie aan, aan persone wat moontlik te na gekom is deurdat hulle nie die nodige vermelding geniet het nie.

Verskoon asseblief tog enige vorm van diskriminasie.

Ons hartlike dank aan die volgende persone vir hulle bydraes:

Prof. Tienie van Schoor
Primarius Dawie Harmse
Japie Roos
Theo Scheepers
Gerhard Snyman
Almal wat foto's beskikbaar gestel het.

Ander artikels en samevoegings is deur die Redaksie behartig.

# "MY VOLK MOET 'N VRY VOLK WEES"

### 'N WOORD VAN DIE PRIMARIUS

Die sprankelende, gesonde studentegees wat die Universiteit van die Oranje-Vrystaat na buite uitstraal, spruit uit die gees wat in die ondeskeie koshuise hier op die Bult heers. Met trots weet ons dat Huis Christiaan de Wet deel van hierdie koshuiseenhede uitmaak en ook sy bydrae daartoe kon lewer.

Ons lewe in 'n wêreld van snelle ontwikkeling en uitvindings. Hiermee gaan gepaard die vermeerdering van kennis. Daarom is ons aan hierdie akademiese inrigting ingeskryf, sodat elke inwoner van hierdie koshuis aan hul leuse "Vervul jou roeping" kan beantwoord. Nooit mag hierdie kennis die mense se denke oor diepere lewenswaarhede nadelig beïnvloed nie. Hierdie snelle vooruitgang het op verskeie terreine sy voordele en nadele gehad. Hier was die landing op die maan vir die student gewis nadelig: daarmee is die onlosmaaklike sosiale aspek van die student nl. die romantiek van die maan, na die maan.

Die gebalanseerde, groeiende gees wat hier heers te danke aan elke inwoner wat sy deel bygedra het om 'n sterker samehorigheidsgevoel te skep en soos een groot gesin saam te woon.

Mag hierdie blad aan alle oud-inwoners in herinnering roep wat hulle hier saam beleef het. Julle het die fondamente gelê en ons kan maar net sê: die bouwerk vorder goed.



Aan die wat hulle by bogenoemde geledere gaan voeg, sê ons baie dankie vir hul bydrae. Met julle kosbaarhede word die Huis ryker nagelaat. Aan die wat terugkom, maak dit 'n jaar van nog meer hoogtepunte, want Christiaan de Wet het geken: "Één doel
een daad
een pad
Die grootste: Sy God
Sy Land
Sy Reg"

Mag hierdie blad vir u as buitestaander 'n ware beeld weerspieël van ons aktiwiteite op alle terreine.

DAWIE HARMSE.

# GENERAAL CHRISTIAAN DE WET EN DIE JEUG


## "DE WET IS DIE DE WET"

Één van genl. De Wet se besondere eienskappe was sy aspek en eerbied vir "jong Suid-Afrika" soos hy die jeug self omskryf het. Dit was altoos sy gebruik as hy by 'n kind verbystap om beleefd sy hoed af te haal en te groet. Toe iemand hom vra waarom die besondere eerbetoning aan 'n kind, was sy antwoord: **"Aan so 'n kindjie behoort die toekoms van my volk."**

Toe 'n groepie A.S.B.-studente genl. De Wet in 1919 op sy plaas Klipfontein, digby Dewetsdorp, besoek, nadat hulle C. J. Langenhoven se **Die Vrou van Suid-Afrika** op Dewetsdorp opgevoer het, het hierdie klompie bewonderaars hom versoek om aan hulle 'n boodskap te gee wat hulle met hul kon saamneem en aan ander studente oordra. In sy tipiese kernagtige styl, sou hy net die volgende tot hulle rig: **"My oë is gevestig op Jong Suid-Afrika, die hoop van die toekoms. Solank as die jeug reg is — en hulle is reg —, het ek geen vrees nie en kan ek gerus sterf."**

Op die krans wat die Afrikaanse Studentebond drie jaar later by sy begrafnis op sy graf aan die voet van die Nasionale Vrouemonument sou plaas, het hierdie treffende woorde gestaan: **"Van die A.S.B. aan genl. De Wet, die inspirasie van Jong Suid-Afrika."**

In 1920 sou 'n groep jong Vrystaatse Afrikaners hom weer op sy plaas gaan besoek waar sy gesondheidstoestand veral as gevolg van die harde tronklewe van 1914–1915, baie afgeneem het. Hulle het hom 'n versierde adres aangebied, waarvan ek vandag die trotse besitter is waarop hy o.m. soos volg geantwoord het: **"Die herlewing onder die jong geslag, soos ek hoor en sien, is my hoop vir die toekoms. Hoe sou dit gewees het as hulle verkeerd en die oues reg was? Ek sien in die toekoms dat my volk nie bestem is om te sterf nie. Ek sien in die jong Afrikaners, soos u wat hier om my staan, die waarborg dat die vryheidsvlag weer oor ons sal wapper."**



Ook die studente van ons eie inrigting het op 'n keer noue en direkte kontak met hom gehad. Kort nadat genl. De Wet op parool uit die gevangenis gelaat is waar hy vanweë sy deelname aan die Rebellie tot die einde van Desember 1915 aangehou is, is 'n politieke vergadering in die ou stadsaal van Bloemfontein gehou. Die gebou het in Maitlandstraat gestaan waar die huidige Sonop-gebou pryk. Agter die saal het iemand eensaam en alleen gesit. Dit was genl. De Wet. 'n Klompie studente van die destydse G.U.K., later U.O.K.V.S. en tans U.V., het na hom gestap en vir hom gesê: "Genl., as die vergadering verby is, wil ons u graag trakteer. In ons armoede kan ons u nie 'n deftige onthaal aanbied nie, maar sal u nie saam met ons 'n koppie koffie geniet nie?" Op sy beleefde manier stem hy in en is hulle na 'n kafee oorkant die straat, waar hulle hom sou vra: "Generaal, gee vir ons asseblief 'n boodskap." Weer op sy kenmerkende kernagtige wyse antwoord hy: **"Die Rebellie is verby en ek kom net uit die tronk. Ek staan onder parool en mag nie toesprake hou nie, maar ek kan aan julle jong Afrikaners net dit sê: Ek het altyd probeer om padlangs te loop, maar waar die pad doodgeloop het, het ek koers gehou."**

Kan daar vir enige lid van die Huis De Wet 'n mooier en besielènder boodskap vir ons tyd wees as dat waar dit lyk of die pad doodgeloop het, juis **daar** moet koers gehou word.

Jul vriend,
Dôk Tienie.


Vlak by Huis Christiaan de Wet,
Oktober 1976.

## INTERESSANTE PERSOONLIKHEDE IN DIE KOSHUIS

Waar kry ons 'n groter konglomerasie van uiteenlopende persoonlikhede as juis in 'n universiteitskoshuis? Bitter min plekke kan spog met 'n groter verskeidenheid van persoonlikhede gekonsentreer op so 'n klein oppervlak.

Daar is maeres en vettes, die kortes en die langes, die musieklikes en natuurlik die wat nie mooi weet wie Beethoven nou einlik was nie. Die grootste kontras lê sekerlik tussen die slimmes en die arme dom outjies — maar eintlik, as ons mooi daaroor nadink, kan ons dit anders stel. Nader aan die waarheid sou wees om die skeiding te maak tussen die swotters en die van ons wat glo aan 'n seleksie van leesstof en leerstof; die spotters (met apologie aan die Akademiese Registrateur).

Noem vir my die koshuis waar soveel van die manne die besondere vermoë besit om 'n Huisvergadering so te kan uitrek. Is daar nog 'n koshuis waar daar nog teen 5.30 vm. nog net die punt Algemeen op die agenda was? Natuurlik was ons vraestellers nog springlewendig en reg vir die laaste skof tot ontbyt.





## "SIT BROERS DAAR GAAN 'N MAN VERBY . . . "

Dit is dae wat ons sal onthou — agterna in herinnering sal roep. Aangename herinneringe van ons dae van verantwoordelikhede (?!) onverantwoordelikheid.

Iemand eie aan ons — wat in die geskiedenis van hierdie huis nooit vergeet sal word nie is ons vriend "PK". Een wat sewe-en-negentig hoofstukke Hebreeus op 'n dag kan kafdraf en dan nog steeds tyd het om so tussenin van die dak af te val en sy arm te breek. So gee hy dan tydelik sy titel "Katvoet-Koning van die Dakke" prys gedurende 1975 se Watergooi-tyd — net tot volgende jaar.

Sal daar ooit weer so 'n kombinasie wees soos vriend Rooie en sy "Klein Weeshuisie", Glenuki? Is daar nog so 'n spontane grapmaker — ek glo hy moet nog gebore word. Sy trots — sy blou motortjie het vir hom die grimmigheid van sy menige rustende student op die hals gehaal.

So kan ons aanhou — elkeen van ons is interessant — elkeen is uniek — met 'n karakter eie aan homself alleen. So sal ons hulle onthou — deel van die koshuis. Elkeen het gebou aan die karakter en die gees van die koshuis deur sy andersheid.



# SPORTVERSLAG

**Rugby**

De Wet het hierdie jaar baie verbeter in sy rugby wat betref gees en die spel self. Hierdie jaar is daar met baie nuwes weggespring, nl.: nuwe truie en nuwe afrigters by name Mnre. David Gray en Jan Meeser wat vir ons goud werd was.

De Wet was baie ongelukkig met tellings soos 6—6 teen Olienhout, 12—13 verloor teen Stad en 6—7 verloor teen Malhuis. Wat hierdie jaar getref het, is die hoë bywoningsyfer van die oefeninge. Dit was 'n positiewe teken van die belangstelling wat daar heers.

Persone wat hierdie jaar in De Wet rugby uitgeblink het, was Johan Rainsford en Danie Fourie wat gereeld vir Vrystaat B gespeel het. Johan Botha het hierdie jaar bestendige spel op heelagter gelewer en kan as die fonds van die seisoen beskou word.

Die eerstespan kaptein was Soepa van Rooyen wat met dryfspel 'n voorbeeld vir sy manne was en een waarop hulle kon staatmaak. Pieter Wessels en sy tweede span het tweede in hul liga geeïndig.

**Hokkie**

Wat die hokkie aanbetref, het De Wet 'n goeie seisoen of seisoene gehad. Die eerste keer wat die koshuisliga ingestel is, het De Wet die liga gewen. Hier het Frans Rainsford die besondere prestasie behaal om kaptein van die U.V. se eerste hokkiespan te wees.

**Tafeltennis**

In die tafeltennis-liga het De Wet nie so goed gevaar nie, maar die manne het nogtans goed gevaar onder die omstandighede. Danie Knoetze, Frikkie Maritz en Johan Botha het De Wet verteenwoordig.

**Muurbal**

Die muurbal in die koshuis het in gewildheid toegeneem. De Wet het nie so goed gevaar in die seisoen se spel nie, maar die belangstelling vergoed daarvoor.

**Tennis**

A. Rudman wen die 1976 Senior Universiteit Kampioenskappe teen Ewie Cronje. Hy wen ook die Fred Perry-superliga kampioenskappe as lid van die Universiteit A-span.

## "VIR MY VOLK HET EK GELEEF, VIR MY VOLK STERF EK . . . "

De Wet het hierdie jaar ook 'n vierde span ingeskryf. Dit het bestaan uit persone wat nie 'n amptelike oefening in die week kon bywoon nie.


**Atletiek**


Met die eerstejaarsbyeenkoms het Charl Lochner en Johannes van der Westhuizen onderskeidelik presteer in die 400 meter en die 3 000 meter stap. Die De Wetters het redelik gevaar tydens die byeenkoms.


Op die Kovsie kampioenskappe het Johan Botha in die 110 en 400 meter hekkies uitgeblink. Johannes van der Westhuizen het die U.V. 3 000 meter stap rekord verbeter.

**Krieket**

Wat die sport, krieket aanbetref, het Huis C. R. de Wet 'n goeie seisoen gehad. In die koshuiskompetisie het die elf manne bestendige spel gelewer en dan ook geen wedstryd verloor nie. Baie wedstryde het natuurlik doodgereën. Danie Knoetze het een wedstryd vir die U.V. se eerste span gespeel en verder tweede span. Frans Rainsford het ook die universiteit tweede span gehaal.




Richard Jaun Smith Live at Huis de Wet
C. RHEEDERS
D.CLOETE
Kommentator
C.VAN WYK
nuuskierige toeskouer
Ligkoofdige toeskouer
S. MOSTERT
Geveg van die jaar:
Casius Knoetze v/s Popaai van Kransburg.
Skeidsregter:
Skillie Skilpad.
R.BOTHA
D.KNOETZE
L.V.RENSBURG
S.LOCHNER
Hoog en Droog
B. KOTZE
S.STRYDOM
O.COMBRINCK
J.BEZUIDENHOUDT
W.VERMEULEN
J.PIETERS
G.SERFONTEIN
W.WESSELS
H.V.D.MERWE
P.STEGMAN
P. KEEVE
H.V.TONDER
W. PRETORIUS
R.STEYN
A.WESSELS
P.POTGIETER/K.JACOBS/ D.HARMSE/G.COETZEE /H.LAMPBRECHT/A.ODENDAAL/K.HORN
PRIMARIUS
HUIS KOMITEE
J.WESSELS
N.CRONJE
K.VAN ECK
L.VERREYNE
J.KASSELMAN
H.KRIEL
DIE BEK
J.V.D.WESTHUIZEN
J. NAUDE
F.OOSTHUIZEN
G.V.ZYL
H.HOMAN
HO HO
L.LANGEVELD
J.V.NIEKERK
T.SCHEEPERS
G.ADAMS
A.DEVEREUX
T.DREYER
Bennie Boekwurm
A.RUDMAN
P.VERTUE
S.V.ROOYEN
N.V.D.WATT
P.YSEL
B.V.D.MERWE
P.DE KOK
P.STRYDOM
D.FOURIE
G LE ROUX
S.JACOBS
P.MARAIS
F.GROBLAAR
J.CLOETE
W.MYBURG
J.V.RENSBURG



P WESSELS
B BEZUIDENHOUT
P HARMSE
S DU PLESSIS
G DE WET
F KRIEK
E COETZEE
T BOTHA
H VISSER
J RAINSFORD
F VAN DER HEEVER
O VAN SCHALKWYK
H POTGIETER
D DEKER
H CLASSEN
H WESSELS
Tamatie Karate
JAM
F OOSTHUIZEN
F MARITZ
K GROENEWALD
F TALJAARD
M PRETORIUS
Die SKIM
K17 Varkopar
D VAN ZYL
puff puff
De Wet
5
SCRAPKAR
G BESTER
J DE KOCK
P DU TOIT
J STEWART
Wanted
F RAINSFORD
more dead than alive
los!!
Lekker
B GREYLING
L FISHER
DE WETTER
V...O...L...K...S...B...L...A...D!!!
J MULLER
doctor of Love
H ZEEMAN
There's one more angal in heaven
L VAN RENSBURG
H CLOETE
D GREYLING
B LINDVELD
F NEL
K VAN ZYL
L MARAIS
H PIETERS
J ROOS
A STRACHAN
L MALAN
J WILLEMSE
T POTGIETER
D BOTHA
S CLOETE
H JACOBS
D BENNETT
H MAHORN
U DU TOIT
E OOSHUIZEN
L KRUGER
E RAUBENHEIMER
E NEL
G SERFONTEIN
H DICKS
P VAN TONDER
J SMIT
H TALJAARD
E PRETORIUS
N VAN BURICK
P OOSTHUIZEN
T HATTING
D SWANEPOEL

# TELEVISIE REVOLUSIE

Jy vra hoe dit gaan buurman? Wel, alles in ag genome, seker goed. Dit kan met 'n teekan mos nie so sleg gaan nie. Dis al 'n hele paar jaar dat ek hier staan; winter, somer, dag en nag staan ek soos 'n wafferse konstabel met my blink lyf wat die hele nag deur glim.

Jy vra of ek die verandering in die tye opmerk so met die jare saam? Wat praat jy tog alles man! Kom, sit hier op die trollie langs my, dan vertel ek jou 'n ding of wat. Ek word mos hoeka uitgestoot en dan staan ek hier naby die "gesellie" rond. Hier waar ek staan, hoor ek die gedoente soos mense stewige predies by die veerpyltjies verwerf. So op 'n dag luister ek oudergewoonte na 'n kort-huisvergadering. Vat dit nou van my, dis nou regtig interessant. Toe ek my handvatsels spits en my tee-asempie ophou om sodoende beter te kan hoor, sou ek mos verstaan hulle praat oor die aankoop van 'n televisie of 'n ding, (ek kon op daardie stadium nog nie eers die naam uitspreek nie, wat nog weet hoe dit lyk!).


Moenie praat nie. Een dag, net so voor ses die aand, vra ek hom iets, om nou nader kennis met die vent te maak (want dit lyk mos vir my hy is hier om te bly) en weet jy wat? Hy weier botweg om met my te praat. Hy staan net daar en blink. Ek was so kwaad! Skaars het ek my tee afgekoel, of hier begin die vent te praat, en dit nadat hy eers horlosie-horlosie gespeel het. Ja, ek onthou dit nog so duidelik. Dit was 'n Dinsdagaand en net daarnaa begin hy speel hy is 'n vaal-bruin haas! So gaan dit aan, as hy nie skiet nie, sing hy. As hy nie blêr-praat nie, speel speel hy hy is tussen die seediere. Skoon verspot! As die vent tog net alles saggies wil doen, maar nee, hy lawaai so hard dat die geboue antwoord gee.

Ag, my liewe vriend, hoe sal ek nou sê, ek dink hy het dinge vir ons ouer garde verander. Alles is omgekeer, selfs die lekker ou geselsies in die kamers saans, is nie meer so lekker nie.

## "'N DURE OFFER OP DIE ALTAAR VAN ONS VRYHEID"

My liewe mens, een môre toe ek juis in die kombuis was om weer volgemaak te word, het die snaakse raasbek hier aangekom. Sommer van die intrapslag af het die ding my omgekrap. Van toeka se dae af was dit net ek wat op 'n trollie gestaan het. Maar nou kom dié moderne jong heer met sy blink vet gesig. Asof dit nie erg genoeg is nie, kom hy, terwyl hy so nuut is dat hy nog stink, nie hier agter in die gesellie staan waar my ou vriend die klavier gewoonlik staan nie, nee, hy moet daar voor gaan staan, waar die Primarius al die jare staan, ja, daar moet hy toe gaan staan.

My goeie ou vriend, die klavier, word toe in die voorste sitkamertjie ingestop. Bid jou aan! Daar staan hy nou-uitgedien na soveel jare se geduldige musikale arbeid — eenkant en vergete. Van geselskap is daar nie veel sprake nie. Niemand gesels nie, net hy, die heer televisie kan blêr. Dis om van jou trollie te raak! Aanmekaar klets hy en maak prentjies. Nie een ander in die geselskap kry 'n woord in nie. Jy sê ongepoets?



Akademie as sodanig is seker hopelik die hoogste preoriteit van die manne hier in De Wet — sommige van ons het egter meer talente ontvang as ander, maar laat ons nie onsself meet aan hierdie rigsnoer nie, want sien, twee-derde van hierdie talente word in die kis onder die bed gebêre vir die motte en die roes om te verteer. Dis te sê as daar nie die maand onder die bed gevee word nie. As dié talente egter onder die bed uitgehaal word, gebeur daar soms rare dinge.

Kyk na ons "Nuwejaars". 85,36% van hulle het die rare onderskeiding getref om in al hulle vakke jaarsyfers te kry — slegs 4,87% het in een vak nie die jaarsyfers gekry nie.

Dus in geheel staan De Wet tweede op die kampus. Dis nou te sê as ons nie die arme eerstejaars uit die werk uit hou of op stene laat sit nie.

As ons die seniors in berekening bring daal die syfers ietwat. Daar moet natuurlik in gedagte gehou word dat die seniors hulle hande vol het om die eerstejaars in toom te hou. Daarom het 67,91% in alle vakke predikate ontvang, dit is nou nie bygereken wie se predies gesteel is nie. 18,02% het in net een vak nie predikaat gekry nie. Die res is natuurlik gesteel en onvervangbaar deur.

# TRAPKAR '76


Daar staan hy — kanariegeel en reg vir die "race". Die woordjie spoed straal sommer uit hom. Met 'n tikkie trots verduidelik Mnr. Gerhard Bester aan die dom omstanders hoe onse trapkar nou eintlik aanmekaar gesit is.


Die manne met die traplywe is uitgesoek en daar is geoefen (ook met Moeraspadda van verlede jaar, wat soos 'n "stock car" daar uitsien!) om die nodige stamina vir die trapbene op te bou.

Maar, o wee — die dag van die "race"! Binne oomblikke na die aanvang daarvan het die nuus soos 'n veldbrand onder die De Wetters versprei: "Ons kar is goed 'geprang' " en toe die verklaring: "Oom, ek het gedink die baan gaan op die ou pad langs, en skielik was die skerp draai reg voor my. Ek verminder toe maar spoed teen die paal van 'n padteken."

Nou ja, as 'n Eerstejaar moes dink, sou hy verstand gehad het. Maar ten spyte van die teenspoed het elke De Wetter die dag terdeë geniet en nou bou ons maar weer die hoop op vir die volgende jaar.

## "GOD MAAK MY GETROU TOT DIE DOOD"







Opvallend om te sien hoedat die netjieses onder ons se gesindheid verander het teenoor sigaretas wat onverskillig sommer op die grond afgeskud word. Erger nog as daar per ongeluk koffie op die grond gemors word. Ons moet mos nou self opvee!

Die gereelde skoonmaak van kamers het verander vanaf 'n gereelde uitvee en afstof tot (in baie gevalle) 'n vinnige uitvee Sondagoggend. Die rak sal ons afstof as die boeke nou regtig begin wegraak onder die stof.

Die "Trojane" is ongetwyfeld nou permanente inwoners van ons kamers. Ons sal leer om hulle te gebruik. Daaraan twyfel ek nie. Dit was tyd dat daar 'n begin gemaak moes word in die rigting. Ons sal nou OF vuil leef OF self skoonmaak. Ek glo ek weet wat ons sal kies. So 'n las is dit nie. Miskien is die gedagte nog net vreemd.


# "WEË HOM WAT DIE VERLEDE NIE VOOR OË HOU NIE"

## DE WET MAAK SELF KAMERS SKOON

Hierdie langnek-inwoners van ons kamers het beslis 'n verandering in menige De Wetter se lewe gebring. Party het die besem verwelkom — vir ander is dit 'n straf.

Baie van ons moes duidelik kompromieë aangaan met ons eie beginsels van netheid en higiëne. Dit wil voorkom asof meer as een van ons baie gou die bygelofie dat kieme onder stof in die hoek van 'n kamer kan vergaar afgeskryf het as ouvroustories.

Van "Arbeidselfstandigheid" het ons almal gehoor. Ons kan selfs lank oor die wenslikheid daarvan sit en spekuleer. Natuurlik sal ons besluit dat dit onvermydelik is maar asseblief net nie nou nie!




## "THAT BLOODY CHICKEN"

Wat die hoenders, vra Die Volksblad eendag, soek vier jong mans op 'n koue wintersnag binne die hoë omheining van die Bloemfonteinse Dieretuin? Foeitog ja, hoe moes die verslaggewertjie dan ook weet dat Giel, Patrys, Blikkies en Willem dié aand net wou verseker dat hulle hul nie doodwerk nie.

Die manne is net vir 'n vinnige jol na Sol se Kapitol en toe die jol daar begin stol, het die wyne van die Fonteine die weg van alle ander vloeistowwe gegaan. Lekker gesels, dié boys, totdat by die onderwerp van donkie-ry, die woord by die daad gevoeg moes word. En as die ou Vaaloortjies dan so gerieflik langs die pad gestasioneer is, hoekom nie?

Gelukkig vir die teworde slagoffers, het die hongerpyne in so 'n oortuigende mate begin saamspeel dat, toe hulle by die beskermingsoord vir wildediere aanland, die Bantam se doppie reeds geklink was.

Hoekom die polisieman nou juis sy huis daar moes koop waar die ouens geparkeer het, weet niemand nie. Goed, twee staan wag, en twee man gaan die moordjie pleeg. Wat 'n verrassing om met 'n rewolwer in die ribbes getroef te word en in twee selfvoldane konstabelgesigte vas te kyk! (En net



## "MY VOLK IS 'N VOLK WAT GOD VREES"

toe gee die arme haantjie sy doodskreet onder Blikkies se hande).

Nou gebeur dinge vinnig. Blikkies storm draad toe, gooi die karkassie onder 'n bos op die sypaadjie en gewaar die Platpote. Dié motiveer hom straat-af met rewolwerskote van agter en hy hardloop in 'n draad vas. Later kom hy met ysterbêngels en 'n konstabel by die ander aan. Die kaptein arriveer, terwyl twee tanderige wolfhonde sorg dat Willem ook gou sy verskyning maak. Mooi praat en smeek help nie. So gou as nou sit die menere agter die sif met die kwaai vierpotige "polisiemanne" as geselskap.

Parkweg. Die kaptein wil toesluit, maar die konstabels praat mooi. Hy is tog 'n bietjie onrustig oor die name en adresse wat afgeneem is, want hy is mos darem nie 'n klip nie! Trou aan sy geregsdienaarsaard, het die kaptein nie vergeet om Grootbaas Kok ook in die aangeleentheid te ken nie. 'n Skynbaar eindelose hofsaak tussen die Grootbaas en die beskuldigdes het gevolg. Uiteindelik spreek hoofregter Kok die vonnis uit: "Gatties boys, geen motoraanhouery meer nie, geen intervarsity nie, dertig tekkies, 'n kuiertjie elke 2 weke by die "Oubaas" en 'n briefie aan Ma en Pa." "Goed prof. Dankie prof."



## PERSPEKTIEF . . .

Dis presies een jaar sedert ons koshuis sy De Wet-versameling ingewy het sodat ons dit met trots kan waardeer. Die moeitevolle arbeid word beloon met die sieraad in ons voorportaal, eetsaal ens.

Terwyl ons dan nou besig is om die koshuis se prestige te versterk, wag daar enkele interessanthede wat dié gedagte sal uitbou. Dink aan 'n beoogde koshuiskonvokasie, met die oog op reünies soos byvoorbeeld die eerste wat reeds (D.V.) in 1978 sal plaasvind. Ook aan die maaltyd wat koshuisgraduandi vir oulaas saam met die De Wetters net voor gradedag sal kan geniet.

Ons gesels nou juis oor die manne van De Wet. Met reg is ons trots op die nagraadse studente in ons geledere:

| | |
|---|---|
| Mnr. P. Marais (M.A.) | Mnr. H. Jacobz (B.A. Hons.) |
| Mnr. W. Rossouw (M.A.) | Mnr. U. du Toit (B.A. Hons.) |
| Mnr. G. Snyman (M. Comm) | Mnr. L. Fisher (H.O.D.) |
| Mnr. Theo Scheepers (L.L.B.) | Mnr. D. Fourie (H.O.D.) |
| Mnr. H. du Plessis (B.Sc Hons.) | Mnr. D. Harmse (H.O.D.) |
| Mnr. H. Wessels (B.Sc Hons.) | Mnr. D. Knoetze (H.O.D.) |
| Mnr. S. Strauss (B.Sc. Hons.) | Mnr. S. Oosthuizen (H.O.D.) |
| Mnr. K. Jacobz (B. Agric. Hons.) | Mnr. P. Potgieter (H.O.D.) |
| Mnr. R. Botha (B.A. Hons) | Mnr. P. van der Watt (H.O.D.) |

Die redaksie se wense vir sukses vergesel bogenoemde (enige uitgelaat?) op hul toekomspad.

As 'n man dan eers sy graad verwerf het, is dit seker billik om te verwag dat iemand dit met hom deel. 'n Hele paar het die stap oorweeg en dit as, 'n "belowende proposisie beskou om te trou." Sulke mense wat verlede jaar die koshuis verlaat het, is onder andere, (met hulle gades):

| | |
|---|---|
| Mnr. en Mev. B. Bosman | Mnr. en Mev. J. Heckroodt |
| Mnr. en Mev. A. Coetzee | Mnr. en Mev. J. Pretorius |
| Mnr. en Mev. J. de Kock | Mnr. en Mev. W. Steyn |
| Mnr. en Mev. B. de Wet. | |

Enkele ander oorweeg dié besluit, maar het dit goed gedink om die klippie solank aan te skaf en het gevolglik "amptelik" verloof geraak:

| | |
|---|---|
| Mnr. O. Carroll | Mnr. D. Knoetze |
| Mnr. P. de Wet | Mnr. J. van Tonder |
| Mnr. L. Fisher | Mnr. I. J. Theron |
| Mnr. D. Greyling | Mnr. J. Willemse |

Namens die redaksie dan, baie harlik geluk met julle vooruitstrewendheid! En 'n wens wil ons aan alle ander De Wetters rig om ook 'n sterk nasie (akademies en sosiaal) te bou!

## "VAARWEL, OU FLEUR, ONS STRYD HET ONS MOEDIG VOLSTRY . . ."

## REDAKSIE

***PIET MARAIS***

***GEDIEON DE WET***

***FRIKKIE KRIEK***

***GERT COMBRINK***

***DANIE DEKKER***

***LEON FISHER***

***HENNIE LAMBRECHTS***

Bendel Drukkery, Boshof.